basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES V2

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

2. Beantwoord enige DRIE vrae.

3. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6 Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

1.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NEDERLANDSE VROU (29) KRY GOEDKEURING VIR GENADEDOOD OP GROND VAN GEESTESLYDING

'n 29-jarige Nederlandse vrou, wie se versoek vir sterftebystand op grond van ondraaglike geesteslyding toegestaan is, sal na verwagting in die komende weke haar lewe beëindig, wat 'n debat regoor Europa oor die kwessie aanblaas.

Zoraya ter Beek het verlede week, ná 'n proses van drie en 'n half jaar, die finale goedkeuring vir sterftebystand ontvang kragtens 'n wet wat in 2002 in Nederland aangeneem is. Haar saak veroorsaak kontroversie aangesien sterftebystand vir mense met sielkundige siektes in Nederland steeds ongewoon is.

[Bron: *The Guardian*, 16 Mei 2024]

1.1.1 Noem en verduidelik TWEE vorme van genadedood. (2 x 4) (8)

1.1.2 Noem TWEE voordele en TWEE nadele van genadedood. (8)

1.1.3 Met verwysing na relevante leringe van enige TWEE godsdienste wat jy bestudeer het, bespreek hulle reaksies op genadedood. (16)

1.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE HANDVES VIR BARMHARTIGHEID

Die Handves vir Barmhartigheid is 'n globale netwerk wat deur Karen Armstrong, 'n wêreldgodsdiens-geleerde, in samewerking met die Gewetensraad, 'n multigodsdienstige, multinasionale groep denkers, geïnisieer is.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

1.2.1 Noem enige DRIE beginsels van die Handves vir Barmhartigheid. (6)

1.2.2 Evalueer die huidige stand van intergodsdienstige verhoudinge in Suid-Afrika. (12)
[50]

VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SENTRALE LERINGE

Alle godsdienste het 'n stel leringe oor die aard van die mensdom, die wêreld, die goddelike, skepping en dele van ons lewens.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

2.1 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die sentrale leringe daarvan onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Die aard van die wêreld (12)

2.1.2 Die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (12)

2.2 Bespreek krities die rol van inspirasie in godsdiens. (14)

2.3 Noem en bespreek enige DRIE hermeneutiese beginsels wat relevant vir die interpretasie van heilige tekste is. (12)
[50]

VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

INTERNE VERSKILLE

Godsdienste verskil nie net van mekaar nie, daar is ook interne verskille binne godsdienste self.

[Bron: *Focus on Religion Studies, Grade 12*]

3.1.1 Noem enige TWEE vertakkinge van enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het. (4)

3.1.2 Bespreek die interne verskille van die vertakkinge wat jy in VRAAG 3.1.1 hierbo genoem het onder die volgende opskrifte:

(a) Leringe/Oortuigings (12)

(b) Praktyke (12)

3.2 Verduidelik die historiese redes waarom interne verskille bestaan in enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het. (10)

3.3 Bespreek die oorsprong en ontwikkeling van die heilige teks van EEN godsdiens wat jy bestudeer het. (12)
[50]

VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HOE DIE HEELAL ONTSTAAN HET

Die sogenaamde Oerknalteorie is tans die gewildste wetenskaplike teorie oor die heelal. Wetenskaplikes verwys na die poging om die evolusie van die heelal te verstaan, as 'kosmologie'.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

4.1.1 Die Oerknalteorie is 'n sekulêre alternatief vir godsdienstige verduidelikings oor skepping. Verduidelik die Oerknalteorie. (8)

4.1.2 Bespreek krities die reaksie van die volgende godsdienste op die Oerknalteorie:

(a) Hindoeïsme (12)

(b) Taoïsme (12)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

RELIGIE EN NATUURWETENSKAPPE

Die moeilikhede tussen godsdiens en wetenskap het met verloop van die eeue toegeneem, wat tot mededinging en selfs konflik tussen hulle gelei het.

[Bron: *Religion Studies Grade 12,* Steyn, et al.]

4.2.1 Bespreek die wetenskaplike verduideliking oor hoe mense ontstaan het. (8)

4.2.2 Bespreek die leringe van enige godsdiens wat jy bestudeer het wat teenstrydig met Darwin se evolusieleer is. (10)
[50]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SEKULÊRE WÊRELDBESKOUINGS

Sekularisme is die geloof dat die regering en moraliteit nie op godsdiens gebaseer moet wees nie. Dit beteken nie dat hulle nie deur godsdiens beïnvloed kan word nie; dit beteken net dat godsdiens nie die laaste woord moet hê nie.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

5.1 Verduidelik die oorsprong van sekularisme en die impak daarvan op godsdiens. (10)

5.2 Brei uit oor die toenemende gewildheid van sekulêre wêreldbeskouings. (12)

5.3 Hoe het die vestiging van sekulêre state tot die voorkoming van godsdienstige oorloë gelei? (12)

5.4 Vergelyk die leringe van enige TWEE sekulêre wêreldbeskouinge wat jy bestudeer het. (2 x 8) (16)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou